
Effektiewe vordering met die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* soos gemeet in terme van 'n multidimensionele Liniiaal

Daniël Jacobus Prinsloo, *Universiteit van Pretoria, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika* en

Gilles-Maurice de Schryver, *Fonds vir Wetenskaplike Navorsing, Vlaandere (België) en Universiteit van Pretoria, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika*

Die doel van hierdie artikel is om die effektiewe vordering met die samestelling van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) ten opsigte van die balans tussen die relatiewe lengtes van alfabetiese kategorieë onder die loep te neem. Uitsprake word gemaak oor die sukses wat die onderskeie redakteurs hiermee behaal het, met besondere verwysing na die dele L-O wat onder die hoofredakteurskap van D.J. van Schalkwyk voltooi is. Die omvang van die bewerking van die reeds voltooide dele, A-O, word bestudeer en gemeet in terme van die nuutsaamgestelde meetinstrument of "Liniiaal", soos uiteengesit in Prinsloo en De Schryver (2002). Leemtes in relatiewe balans word ten opsigte van die reeds voltooide dele uitgewys en vooruitskouings word met behulp van hierdie Liniiaal gemaak ten opsigte van die aard en omvang van die dele van die WAT wat nog saamgestel moet word. By die leweringsdatum van hierdie artikel, naamlik 10 Mei 2002, het die *Elektroniese WAT* nog nie verskyn nie. Met laasgenoemde kan 'n groter verskeidenheid van statistiese berekenings gedoen word.

'n Voortreflike leksikograaf moet deurgaans stry teen alle vorme van inkonsekwentheid en wanbalans tydens die samestelling van 'n woordeboek. Die uitwys van wanbalanse in bestaande woordeboeke is niks nuuts nie, maar dit is tog opmerklik dat (te) min aandag deur die eeue aan effektiewe balansering van alfabetiese kategorieë deur sowel navorsers as praktiese woordeboekmakers gegee is. In die middel-tagtigerjare het Crystal voorbeeldbladsye uit vergelykbare Engelse woordeboeke met mekaar vergelyk. Ten opsigte van lemmas, byvoorbeeld, merk hy op dat "the discrepancy factor (that is, the number of head words not shared divided by the number of head words shared) can be as much as 30 per cent" (1986: 75). Herbst (1990: 1380-1381) tel die aantal "ooreenstemmende inskrywings" tussen twee vaste punte in verskeie Engelse aanleerderswoordeboeke en kom tot 'n soortgelyke gevolgtrekking. Vir Afrikaans spreek Gouws (1985: 14-15) kommer uit dat die WAT gaandeweg meer en meer bladsye per deel gebruik in vergelyking met die aantal bladsye per vergelykba-

re alfabetiese (sub)kategorie in 'n standaard Afrikaanse woordeboek.

Daar is in beginsel geen beperking op die potensiele aantal lemmas of die lengte van elke woordeboekartikel nie. Teoreties gesproke kan die leksikograaf in die bewerking van, argumentshalwe, die lemma *kom*, eenvoudig honderde bladsye vul deur veronderstelde betekenisonderskeidings en sub-betekenisonderskeidings op te stapel met 'n onbeperkte aantal gebruiksvoorbeelde, oorverduideliking¹, en 'n oormaat ensiklopediese inligting. Tog weet elke samesteller van 'n woordeboek intuïtief dat daar 'n beperking op die omvang van die woordeboek in terme van tyd en ruimte is. Dit mag miskien minder akuut wees in die samestelling van meerdelige woordeboeke soos die WAT, maar die aantal volumes en tydsduur is nooit onbeperk nie. As sodanige beperkings dan vir die woordeboek as geheel bestaan, is dit net logies dat dit ook van toepassing moet wees op elke individuele alfabetiese kategorie in die woordeboek of selfs op nog kleiner subgedeeltes of blokke binne 'n bepaalde alfabetiese kategorie. Só 'n benadering ten opsigte van alfabetiese kategorieë word deur Landau (2001: 362) en Svensén voorgestel:

A decision must [...] be made as to what fraction of the whole dictionary each initial letter may occupy, so that the size of the finished dictionary can be kept under control during the course of the project. The percentages for each of the various initial letters in a given entry language are fairly constant, and, if such calculations have not already been done by others, it is wise to examine the distribution in a number of representative dictionaries (Svensén 1993 [1987]: 242).

Die samesteller van 'n woordeboek kan byvoorbeeld die kategorie **A** tot só 'n mate oorbewerk dat die daaropvolgende kategorieë onderbewerk word ten einde binne die beperkinge wat die uitgewer neergelê het, te bly. Die vraag is dus eenvoudig: hoe weet die samesteller wanneer dit tyd is om **A** af te rond en met **B** te begin? Die logiese antwoord hierop is dat 'n gesonde balans gevind moet word ten opsigte van fisiese woordeboekspasie (byvoorbeeld aantal bladsye), aantal lemmas en die gemiddelde lengte van artikels, tydsduur per alfabetiese kategorie, ens. Al hierdie aspekte kan saamgevat word onder die term *effektiewe vordering* met 'n bepaalde woordeboek of woordeboekprojek. Dit kan dus kategorieë gestel word dat 'n leksikograaf effektief vorder met 'n woordeboek of woordeboekprojek as die regte balans gehandhaaf word tussen fisiese ruimte, aantal lemmas, gemiddelde lengte van artikels en tydsduur per alfabetiese kategorie. Die doel van hierdie artikel is dan juis om die effektiewe vordering van die WAT in terme van hierdie kriteria te meet.

Prinsloo en De Schryver (2002) ontwerp 'n multidimensionele meetinstrument of "Liniaal" vir die meting van relatiewe lengte van alfabetiese kategorieë in semasiologiese woordeboeke. Met hierdie Liniaal kan 'n situasie voorkom word waarin die leksikograaf "moeg" of "haastig" word wanneer voltooiing van die woordeboek in sig is of waar die leksikograaf 'n spesifieke alfabetiese kategorie entoesiasties oorbewerk, wat dan wanbalanse in die ander kategorieë tot gevolg het. Hierdie meetinstrument of Liniaal kan dus in die eerste plek gebruik word om wanbalanse in bestaande woordeboeke of woordeboekdele uit te wys wat dan in hersiene uitgawes reggestel kan word. In die tweede plek

Tabel 1: Ontwerp van 'n Liniaal vir Afrikaans

	W1 Afrikaans-Engels Terblanche 1966 ⁵		W2 Afrikaans-Engels Kritzinger et al. 1986 ¹³		W3 Afrikaans-Engels Grobelaar 1987		W4 Afrikaans-Engels Du Plessis 1993		W5 Afrikaans Odendal & Gouws 2000 ⁴		W1-W5		Liniaal PAFC & W1-W5		PAfC	
	bl.	%	bl.	%	bl.	%	bl.	%	bl.	%	%	%	%	%	%	items
A	24.1	5.95	44.8	6.85	35.8	5.71	16.2	5.99	56.8	4.12	5.72	5.76	5.79	10276	A	
B	32.5	8.02	57.0	8.72	46.4	7.40	21.9	8.11	67.9	4.93	7.44	7.31	7.18	12744	B	
C	1.0	0.25	2.2	0.34	2.6	0.42	0.3	0.11	4.4	0.32	0.29	0.74	1.20	2123	C	
D	18.8	4.63	32.3	4.94	27.9	4.46	14.3	5.29	58.0	4.21	4.70	4.88	5.05	8962	D	
E	7.9	1.94	14.0	2.15	13.6	2.17	7.0	2.59	27.3	1.98	2.16	2.52	2.87	5093	E	
F	5.1	1.25	8.1	1.24	7.8	1.24	2.3	0.85	23.4	1.70	1.25	1.47	1.68	2988	F	
G	19.0	4.67	39.9	6.11	39.5	6.30	15.3	5.64	97.9	7.11	5.97	6.29	6.61	11737	G	
H	16.0	3.93	29.5	4.51	28.3	4.51	12.8	4.73	84.5	6.14	4.76	4.60	4.44	7883	H	
I	7.8	1.91	12.7	1.95	13.2	2.11	4.2	1.57	57.3	4.16	2.34	2.53	2.72	4826	I	
J	2.7	0.65	5.0	0.77	4.4	0.70	2.2	0.81	11.9	0.86	0.76	0.92	1.09	1932	J	
K	29.4	7.24	46.9	7.18	48.8	7.78	15.1	5.59	137.3	9.97	7.55	6.84	6.12	10865	K	
L	13.5	3.32	21.3	3.26	21.0	3.35	10.3	3.82	40.9	2.97	3.34	3.65	3.96	7031	L	
M	16.3	4.02	25.7	3.93	26.6	4.24	12.3	4.55	51.6	3.75	4.10	4.37	4.65	8256	M	
N	9.6	2.37	13.7	2.09	14.7	2.34	8.5	3.14	25.7	1.87	2.36	2.72	3.07	5448	N	
O	31.5	7.76	48.0	7.35	51.6	8.24	16.6	6.15	72.7	5.28	6.95	6.62	6.28	11148	O	
P	17.9	4.42	26.6	4.07	27.4	4.38	10.4	3.86	59.7	4.34	4.21	4.10	3.98	7071	P	
Q	0.2	0.04	0.2	0.02	0.2	0.03	0.0	0.00	0.4	0.03	0.02	0.02	0.02	33	Q	
R	15.3	3.77	20.5	3.13	19.7	3.14	10.4	3.86	55.3	4.01	3.58	3.73	3.87	6879	R	
S	56.3	13.88	76.9	11.76	74.2	11.84	32.8	12.14	192.7	14.00	12.72	11.73	10.74	19067	S	
T	18.9	4.66	27.3	4.18	26.3	4.20	13.2	4.89	55.9	4.06	4.40	4.59	4.79	8498	T	
U	6.9	1.69	11.0	1.68	11.5	1.83	6.7	2.49	28.2	2.05	1.95	1.91	1.87	3315	U	
V	37.0	9.12	60.5	9.26	56.8	9.06	23.6	8.74	123.3	8.96	9.03	8.14	7.26	12883	V	
W	17.0	4.19	27.5	4.21	26.9	4.29	12.9	4.78	40.7	2.96	4.09	4.02	3.95	7012	W	
X	0.2	0.05	0.4	0.06	0.3	0.05	0.2	0.07	0.7	0.05	0.06	0.09	0.12	208	X	
Y	1.0	0.23	1.3	0.20	1.1	0.17	0.4	0.14	1.8	0.13	0.17	0.32	0.46	824	Y	
Z	0.2	0.05	0.3	0.04	0.3	0.04	0.3	0.10	0.5	0.04	0.05	0.15	0.25	446	Z	
	405.4	100.00	653.4	100.00	626.5	100.00	270.5	100.00	1376.7	100.00	100.00	100.00	100.00	177548		

Tabel 1: Ontwerp van 'n Liniaal vir Afrikaans

kan die instrument met voorspellingskrag gebruik word deurdat die relatiewe omvang van alfabetiese kategorieë bereken kan word nog voordat daar met die samestelling van die betrokke woordeboek of woordeboekdele begin word. Hierdie meting word in terme van ruimtetoekenning, byvoorbeeld die aantal bladsye per alfabetiese kategorie, die aantal lemmas, tydsduur en ook gemiddelde artikellengte, of selfs aantal lyne per kolom gedoen. Meting kan ook suksesvol gedoen word vir subkategorieë binne 'n bepaalde alfabetiese kategorie. Op bestuursvlak van 'n woordeboekprojek kan dit selfs gebruik word om die dag-tot-dag-vordering met die woordeboek te monitor.

Ruimte ontbreek hier vir die volledige omskrywing van hierdie voorgestelde multidimensionele Liniaal, en derhalwe word slegs enkele kernaspekte uitgelig. Die ideale meetinstrument word gebaseer op gelemmatiseerde en ongelemmatiseerde korpusdata van 'n taal, asook lemmatellings, artikellengte en fisiese woordeboekspasie. Die beskikbaarheid van korpusse, hetsy gelemmatiseerd of ongelemmatiseerd, asook die aard en omvang van beskikbare woordeboeke, wissel van taal tot taal; derhalwe moet die meetinstrument saamgestel word in terme van wat vir die spesifieke taal beskikbaar is. Vergelyk Tabel 1 wat gebaseer is op die gemiddeld van: (a) die gemiddelde persentasie fisiese woordeboekspasie per alfabetiese kategorie in vyf Afrikaanse woordeboeke, en (b) die persentasie woorde per alfabetiese kategorie in 'n korpus van 4.6 miljoen woorde vir Afrikaans.

Tabel 1, gelees van links na regs, dui respektiewelik die aantal bladsye en persentasietoekenning van woordeboekspasie per alfabetiese kategorie aan, met die gemiddelde persentasiewaarde in kolom 12 onder die opskrif W1–W5. Gelees van regs na links word die aantal items per alfabetiese kategorie en hulle persentasiewaardes in die *Pretoria Afrikaans Corpus* (PAfC) aangedui. Die vetgedrukte kolom, vierde van regs, bevat dan die gemiddelde waarde vir die korpus en die woordeboeke wat as meetinstrument vir hierdie studie gebruik sal word. (Uitvoerige motivering vir die bruikbaarheid van hierdie Liniaal word in Prinsloo en De Schryver (2002) aangebied.) So, byvoorbeeld, word daar volgens die Liniaal aanbeveel dat 4.59% van beskikbare spasie in die sentrale teks in 'n Afrikaanse woordeboek aan die kategorie **T** toegeken moet word, 5.76% aan **A**, 1.47% aan **F**, ens.

Die waardes in hierdie vetgedrukte kolom is merkwaardig stabiel deurdat berekenings gebaseer op verskeie ander Afrikaanse woordeboeke, asook gelemmatiseerde en ongelemmatiseerde subkorpusse van die PAfC, steeds feitlik dieselfde persentasiewaardes per alfabetiese kategorie oplewer. Dit is dus moontlik om sonder meer ander bestaande woordeboeke en korpussamestellings as basis te gebruik sonder dat die Liniaalwaardes noemenswaardig afwyk. Dit is inderdaad wat in Tabel 1 gedoen is, in teenstelling met Prinsloo en De Schryver (2002) waar 'n ander seleksie van woordeboeke en korpusdata gebruik is. Meer verfynde lemmatellings word ook hier vir die verskillende dele van die WAT gedoen.

Die Liniaal bestaan dus uit twee basiese komponente, PAfC en W1–W5.

Die verskil in persentasietoekenning tussen PAFc en W1–W5 word in terme van absolute en relatiewe waardes in Tabel 2 aangedui.


Tabel 2: W1–W5 versus PAFc

	W1–W5 %	VERSKIL		PAFc %			W1–W5 %	VERSKIL		PAFc %		
		abs. %	rel. %					abs. %	rel. %			
A	5.72	-0.06	-1.08	5.79	A	O	6.95	+0.67	+10.74	6.28	O	
B	7.44	+0.26	+3.63	7.18	B	P	4.21	+0.23	+5.78	3.98	P	
C	0.29	-0.91	-76.03	1.20	C	Q	0.02	+0.00	+22.41	0.02	Q	
D	4.70	-0.34	-6.80	5.05	D	R	3.58	-0.29	-7.49	3.87	R	
E	2.16	-0.70	-24.56	2.87	E	S	12.72	+1.98	+18.47	10.74	S	
F	1.25	-0.43	-25.52	1.68	F	T	4.40	-0.39	-8.07	4.79	T	
G	5.97	-0.64	-9.73	6.61	G	U	1.95	+0.08	+4.34	1.87	U	
H	4.76	+0.32	+7.31	4.44	H	V	9.03	+1.77	+24.41	7.26	V	
I	2.34	-0.38	-13.94	2.72	I	W	4.09	+0.14	+3.45	3.95	W	
J	0.76	-0.33	-30.25	1.09	J	X	0.06	-0.06	-53.03	0.12	X	
K	7.55	+1.43	+23.45	6.12	K	Y	0.17	-0.29	-62.61	0.46	Y	
L	3.34	-0.62	-15.57	3.96	L	Z	0.05	-0.20	-78.36	0.25	Z	
M	4.10	-0.55	-11.86	4.65	M							
N	2.36	-0.71	-23.02	3.07	N		100.00	$r = 0.983$		100.00		

Die absolute persentasieverskille verteenwoordig bloot die verskil tussen die gemiddelde ruimtetoekenning in W1–W5 en die persentasies van die kategorieverdeling soos gesuggereer deur die items in die PAFc. 'n Minusteken (-) suggereer onderbewerking in W1–W5 in vergelyking met PAFc en 'n plusteken (+) oorbewerking van 'n bepaalde alfabetiese kategorie. Die relatiewe persentasiewaarde gee 'n akkurate beeld van die veelvuldigheid van die verskil tussen twee waardes, bv. +100% = 2 keer die voorgestelde normwaarde. Let op die relatief klein waardes in die absolute persentasie-kolom en ook in die kolom vir die relatiewe persentasies, en die bykans ideale korrelasie-koëffisiënt, oftewel r -waarde, van 0.983².

As gevolg van dié indrukwekkend hoë korrelasie-koëffisiënt is die gemiddeld van PAFc en W1–W5 uiters stabiele Liniaalwaardes. Die Liniaal kan skematies soos volg in Figuur 1 voorgestel word.

Figuur 1: Liniaal vir Afrikaans in % [P en Q; X, Y en Z saamgevoeg]



Tabel 3: AO-Liniaal vir Afrikaans

Tabel 3: AO-Liniaal vir Afrikaans

	W1 Afrikaans-Engels Terblanche 1966 ⁵		W2 Afrikaans-Engels Kritzinger et al. 1986 ¹³		W3 Afrikaans-Engels Grobbehaar 1987		W4 Afrikaans-Engels Du Plessis 1993		W5 Afrikaans Odendal & Gouws 2000 ⁴		W1-W5		AO- Liniaal PAFC & W1-W5		PAFC		
	bl.	%	bl.	%	bl.	%	bl.	%	bl.	%	bl.	%	bl.	%	bl.	%	items
A	24.1	10.27	44.8	11.16	35.8	9.37	16.2	10.17	56.8	6.94	9.58	9.41	9.23	10276	9.23	10276	A
B	32.5	13.85	57.0	14.21	46.4	12.14	21.9	13.76	67.9	8.31	12.46	11.95	11.45	12744	11.45	12744	B
C	1.0	0.43	2.2	0.56	2.6	0.69	0.3	0.18	4.4	0.54	0.48	1.19	1.91	2123	1.91	2123	C
D	18.8	7.99	32.3	8.04	27.9	7.31	14.3	8.98	58.0	7.09	7.88	7.97	8.05	8962	8.05	8962	D
E	7.9	3.34	14.0	3.50	13.6	3.55	7.0	4.39	27.3	3.34	3.62	4.10	4.58	5093	4.58	5093	E
F	5.1	2.15	8.1	2.01	7.8	2.03	2.3	1.44	23.4	2.87	2.10	2.39	2.68	2988	2.68	2988	F
G	19.0	8.07	39.9	9.96	39.5	10.33	15.3	9.57	97.9	11.97	9.98	10.26	10.54	11737	10.54	11737	G
H	16.0	6.80	29.5	7.35	28.3	7.40	12.8	8.02	84.5	10.34	7.98	7.53	7.08	7883	7.08	7883	H
I	7.8	3.30	12.7	3.17	13.2	3.46	4.2	2.66	57.3	7.01	3.92	4.13	4.34	4826	4.34	4826	I
J	2.7	1.13	5.0	1.26	4.4	1.15	2.2	1.37	11.9	1.45	1.27	1.50	1.74	1932	1.74	1932	J
K	29.4	12.51	46.9	11.70	48.8	12.76	15.1	9.49	137.3	16.80	12.65	11.21	9.76	10865	9.76	10865	K
L	13.5	5.73	21.3	5.31	21.0	5.50	10.3	6.49	40.9	5.00	5.60	5.96	6.32	7031	6.32	7031	L
M	16.3	6.95	25.7	6.40	26.6	6.96	12.3	7.72	51.6	6.31	6.87	7.14	7.42	8256	7.42	8256	M
N	9.6	4.09	13.7	3.40	14.7	3.84	8.5	5.33	25.7	3.14	3.96	4.43	4.89	5448	4.89	5448	N
O	31.5	13.40	48.0	11.97	51.6	13.51	16.6	10.43	72.7	8.89	11.64	10.83	10.02	11148	10.02	11148	O
	234.7	100.00	401.0	100.00	382.0	100.00	159.4	100.00	817.5	100.00	100.00	100.00	100.00	111312	100.00	111312	

Tabel 1 en Figuur 1 reflekteer die meetinstrument ten opsigte van alle alfabetiese kategorieë **A–Z** vir 'n volledige Afrikaanse woordeboek, hetsy enkel- of meerdelig. Aangesien die WAT nog net vanaf **A–O** voltooi is, moet die statistiek in Tabel 1 herbereken word alvorens meting van die WAT moontlik is. Dit word vervolgens gedoen in Tabel 3 deur die kategorieë **A–O** vir beide W1–W5 en die PafC as 100% basis te neem.

Tabel 3, wat ook van links na regs vir woordeboekpersentasies en van regs na links vir korpuspersentasies gelees moet word, bied in die vetgedrukte kolom met opskrif AO-Liniaal die voorgestelde persentasiewaardes vir 'n woordeboek wat nog net vanaf **A–O** voltooi is. So, byvoorbeeld, moet die kategorie **B** in terme van hierdie meetinstrument 11.95% van die fisiese spasie beslaan, **L** 5.96%, ens. In die res van die artikel word na die *Liniaal* verwys wanneer die balans tussen alfabetiese kategorieë **A–Z** ter sprake is, en na die *AO-Liniaal* as slegs gefokus word op woordeboeke, soos die WAT, wat net vanaf **A–O** voltooi is.

Die werklike spasietoedeling vir **A–O** in die WAT word vervolgens met die AO-Liniaal vergelyk in Tabel 4.

Tabel 4: WAT versus AO-Liniaal

	WAT		VERSKIL		AO-Liniaal	
	bl.	%	abs. %	rel. %	%	
A	315.978	4.36	-5.05	-53.68	9.41	A
B	278.065	3.83	-8.12	-67.92	11.95	B
C	68.065	0.94	-0.25	-21.28	1.19	C
D	416.022	5.74	-2.23	-27.99	7.97	D
E	226.609	3.12	-0.98	-23.79	4.10	E
F	149.826	2.07	-0.33	-13.62	2.39	F
G	492.330	6.79	-3.47	-33.85	10.26	G
H	486.717	6.71	-0.82	-10.88	7.53	H
I	242.726	3.35	-0.78	-18.91	4.13	I
J	110.300	1.52	+0.02	+1.17	1.50	J
K	2479.957	34.20	+22.99	+205.18	11.21	K
L	476.043	6.56	+0.60	+10.14	5.96	L
M	619.370	8.54	+1.40	+19.58	7.14	M
N	238.804	3.29	-1.14	-25.64	4.43	N
O	650.913	8.98	-1.85	-17.10	10.83	O
	7251.725	100.00	$r = 0.535$		100.00	

Uit Tabel 4 is dit duidelik dat die diskrepansie veral groot is vir die kategorieë **A** en **B**, en besonder groot is vir **K**. Hierdie vergelyking suggereer dus 'n onderbawerking van **A** en **B** in terme van woordeboekspasie, en 'n besonder groot oorbewerking van **K** in die WAT. Die korrelasie-koëffisiënt is hier 'n baie lae 0.535 in vergelyking met die bykans ideale 0.983 vir Tabel 2. Die oënsynlike oorbewerking van **K** word vervolgens van nader betrag.

In Tabel 1 suggereer die Liniaal dat die kategorie **K** as geheel 6.84% van die woordeboek moet beslaan. Indien die Liniaal verfyn word ten opsigte van **K** in terme van die subverdelings **K.–KJO**, **KLA–KOL**, **KOM–KOOL**, **KOOP–**

KOR en **KOS-KYW** om te korreleer met nommers van die dele en hoofredakteurs van die WAT, sien die resultaat soos in Tabel 5a daar uit.

Die verfynde Liniaal in Tabel 5a reflekteer die subverdeling van die voorgestelde 6.84% vir die ideale **K**. In terme van die Liniaal moet die kategorieë **KOM-KOOL** en **KOOP-KOR** gesamentlik slegs $0.706\% + 0.476\% = 1.182\%$ van die totale benutte spasie in 'n Afrikaanse woordeboek uitmaak.

Hierdie twee kategorieë beslaan egter een volledige volume, Deel VII, van die WAT waarvan die samestelling 8 jaar geduur het. Indien Deel VII dus as norm vir die samestelling van die WAT geneem sou word, sal dit beteken dat die voltooide WAT 85 volumes sou beslaan en 676 jaar, of dus byna sewe eeue, sou neem om te voltooi!

Ten einde die Liniaal direk met die subkategorieë van **K** in die WAT te kan vergelyk, word die Liniaalwaardes eers weer herbereken ten opsigte van 'n woordeboek wat net vanaf **A-O** voltooi is. Sien in hierdie verband Tabel 5b.

Tabel 5b toon duidelik aan dat **K** as geheel 11.21% van die aantal bladsye toegeken aan **A** tot **O** in 'n woordeboek moet uitmaak (sien ook Tabel 3) en dui ook die onderskeie ideale subpersentasies vir **K** aan. In Tabel 6 word die volledige WAT, met fokus op die verfynde indeling ten opsigte van **K**, met die AO-Liniaal vergelyk.

Gelees van links na regs gee kolomme 1-3 die toepaslike deelnommer, datum van voltooiing en hoofredakteur aan terwyl kolomme 4-6 die alfabetiese (sub)kategorie, aantal bladsye per (sub)kategorie en die persentasie wat elke (sub)kategorie in die WAT beslaan, reflekteer. Van regs na links word die AO-Liniaal, en die relatiewe en absolute verskille tussen die AO-Liniaal en die WAT, aangedui. Wat **K** dus betref, is dit duidelik dat elke subkategorie in terme van die AO-Liniaal tussen 2 en bykans 4 keer oorbewerk is, naamlik **K-KJO** x 2.33, **KLA-KOL** x 3.76, **KOM-KOOL** x 3.80, **KOOP-KOR** x 3.31, en **KOS-KYW** x 2.96. Dit word weerspieël deur 'n nóg laer korrelasie-koëffisiënt van 0.357.

Dit moet egter vermeld word dat wanbalanse in woordeboeke, veral dié wat oor baie jare saamgestel word, nie 'n vreemde verskynsel is nie. So, byvoorbeeld, toon Moerdijk (1998: 332-333) aan dat daar 'n goeie korrelasie ten opsigte van balans tussen alfabetiese kategorieë in handwoordeboeke van Nederlands onderling bestaan, maar groot diskrepansie tussen dié woordeboeke en die meerdelige *Woordenboek der Nederlandsche Taal* (WNT):

Zetten we die cijfers [ten opsigte van 'n aantal woordeboeke] af tegen die van het WNT, dan zijn bij vrijwel alle letters grote tot zeer grote discrepanties waar te nemen (Moerdijk 1998: 333).

Daar is verskeie faktore wat die samestelling van veral meerdelige woordeboeke beïnvloed en die potensiele gevaar van wanbalanse inhou, soos insluiting van meer terminologiese inligting in algemene woordeboeke³, toenemende beskikbaarheid van groot elektroniese datakorpusse, ens. Hierdie aspekte noodsaak egter uitvoerige besinning in eie reg wat buite die bestek van hierdie artikel val.

Tabelle 5a en 5b:

Tabel 5a: Fokus op K in die Linaal

Deel	Datum	WAT Hoofred.	(Sub)kategorie	W1 bl.	W2 bl.	W3 bl.	W4 bl.	W5 bl.	W1-W5 %	Linaal %	% items	PAfC (Sub)kategorie
Deel V	1968	Snijman	K.-KJO	9.300	16.600	16.321	4.500	57.122	2.65	2.393	2.14	3792 K.-KJO
Deel VI	1976	Snijman	KLA-KOL	7.400	11.000	11.915	4.562	35.797	1.94	1.717	1.49	2654 KLA-KOL
Deel VII	1984	Snijman	KOM-KOOL	3.250	4.490	4.906	1.170	12.691	0.73	0.706	0.69	1221 KOM-KOOL
Deel VII	1984	Hauptfleisch	KOOP-KOR	2.400	3.720	3.849	1.200	7.642	0.55	0.476	0.40	706 KOOP-KOR
Deel VIII	1991	Hauptfleisch	KOS-KYW	7.000	11.097	11.774	3.700	24.065	1.68	1.544	1.40	2492 KOS-KYW
			uit →	29.350	46.907	48.765	15.132	137.317	7.55	6.837	6.12	10865
				405.350	653.380	626.528	270.525	1376.659				177548

Tabel 5b: Fokus op K in die AO-Linaal

Deel	Datum	WAT Hoofred.	(Sub)kategorie	W1 bl.	W2 bl.	W3 bl.	W4 bl.	W5 bl.	W1-W5 %	AO- Linaal %	% items	PAfC (Sub)kategorie
Deel V	1968	Snijman	K.-KJO	9.300	16.600	16.321	4.500	57.122	4.44	3.922	3.41	3792 K.-KJO
Deel VI	1976	Snijman	KLA-KOL	7.400	11.000	11.915	4.562	35.797	3.25	2.818	2.38	2654 KLA-KOL
Deel VII	1984	Snijman	KOM-KOOL	3.250	4.490	4.906	1.170	12.691	1.21	1.156	1.10	1221 KOM-KOOL
Deel VII	1984	Hauptfleisch	KOOP-KOR	2.400	3.720	3.849	1.200	7.642	0.93	0.782	0.63	706 KOOP-KOR
Deel VIII	1991	Hauptfleisch	KOS-KYW	7.000	11.097	11.774	3.700	24.065	2.82	2.529	2.24	2492 KOS-KYW
			uit →	29.350	46.907	48.765	15.132	137.317	12.65	11.206	9.76	10865
				234.700	401.000	382.024	159.447	817.488				111312

Tabel 6: WAT tot O met AO-Liniaal

Deel	WAT				VERSKIL		AO-Liniaal	
	Datum	Hoofred.	(Sub)kategorie	bl.	%	abs. %	rel. %	%
Deel I	1926 -	Smith	A	315.978	4.36	-5.05	-53.68	9.41
Deel I	1950	Schoonees	B	278.065	3.83	-8.12	-67.92	11.95
Deel I	1950	Schoonees	C	68.065	0.94	-0.25	-21.28	1.19
Deel II	1955	Schoonees	D	416.022	5.74	-2.23	-27.99	7.97
Deel II	1955	Schoonees	E	226.609	3.12	-0.98	-23.79	4.10
Deel II	1955	Schoonees	F	149.826	2.07	-0.33	-13.62	2.39
Deel III	1957	Schoonees	G	492.330	6.79	-3.47	-33.85	10.26
Deel IV	1961	Schoonees	H	486.717	6.71	-0.82	-10.88	7.53
Deel IV	1961	Schoonees	I	242.726	3.35	-0.78	-18.91	4.13
Deel V	1968	Snijman	J	110.300	1.52	+0.02	+1.17	1.50
Deel V	1968	Snijman	K-KJO	663.782	9.15	+5.23	+133.40	3.92
Deel VI	1976	Snijman	KLAKOL	767.870	10.59	+7.77	+275.80	2.82
Deel VII	1984	Snijman	KOM-KOOL	318.556	4.39	+3.24	+280.02	1.16
Deel VII	1984	Hauptfleisch	KOOP-KOR	187.749	2.59	+1.81	+231.23	0.78
Deel VIII	1991	Hauptfleisch	KOS-KYW	542.000	7.47	+4.95	+195.54	2.53
Deel IX	1994	Van Schaalkwyk	L	476.043	6.56	+0.60	+10.14	5.96
Deel X	1996	Van Schaalkwyk	M	619.370	8.54	+1.40	+19.58	7.14
Deel XI	2000	Van Schaalkwyk	N	238.804	3.29	-1.14	-25.64	4.43
Deel XI	2000	Van Schaalkwyk	O	650.913	8.98	-1.85	-17.10	10.83
				7251.725	100.00	r = 0.357		100.00

Tabel 6: WAT tot O met AO-Liniaal

Aan die positiewe kant vir die WAT, soos duidelik uit Tabel 6 blyk, is **L** die alfabetiese kategorie van groter omvang wat die beste met die AO-Liniaal korreleer. **L** word vervolgens as basis vir verdere berekenings ten opsigte van sowel die voltooide as onvoltooide dele van die WAT gebruik. Dit word in terme van woordeboekspasie en lemmas per alfabetiese kategorie gedoen.

Vergelyk egter eers die voorgestelde aantal bladsye vir **K** in terme van die bogenoemde subverdelings, nou gebaseer op **L**, Deel IX van die WAT. Volgens die Liniaal in Tabel 1 moet **L** ongeveer 3.65% uitmaak, terwyl Tabel 6 toon dat **L** 476.043 bladsye beslaan. Elke 1% van die Liniaal moet dus korreleer met 130.36 bladsye. Laasgenoemde korrelasie vorm die basis vir ekstrapolasie van die alfabetiese subkategorieë in Tabel 7.

Tabel 7: Werklike en voorgestelde WAT-bladsye vir **K**

	WAT-bladsye		Liniaal %	
	Werklike bl.	Voorgestelde bl.		
K.-KJO	663.782	312.0	2.393	K.-KJO
KLA-KOL	767.870	223.8	1.717	KLA-KOL
KOM-KOOL	318.556	92.1	0.706	KOM-KOOL
KOOP-KOR	187.749	62.1	0.476	KOOP-KOR
KOS-KYW	542.000	201.3	1.544	KOS-KYW
	2479.957	891.3	6.837	

Die voorgestelde aantal bladsye en die ideale aantal lemmas per alfabetiese kategorie vir die volledige alfabet **A-Z** in terme van die Liniaal, soos gebaseer op **L** as die norm of "sleutel", word in Tabel 8 aangetoon⁴. Met **L** as sleutel korreleer elke 1% van die Liniaal, nie alleen met 130.36 *bladsye* nie, maar ook met 1838.57 *lemmas*.

Tabel 8: Werklike en voorgestelde WAT-bladsye en lemmas vir **A** tot **Z**

	WAT-bladsye		Liniaal PAfC & W1-W5 %	WAT-lemmas		
	Werklike bl.	Voorgestelde bl.		Voorgestelde #	Werklike #	
A	315.978	750.4	5.76	10583		A
B	278.065	952.7	7.31	13437		B
C	68.065	96.6	0.74	1363		C
D	416.022	635.6	4.88	8965		D
E	226.609	328.0	2.52	4626		E
F	149.826	191.4	1.47	2699		F
G	492.330	819.9	6.29	11563		G
H	486.717	600.0	4.60	8462		H
I	242.726	329.6	2.53	4649		I
J	110.300	120.4	0.92	1698		J
K	2479.957	891.3	6.84	12570		K
L	476.043	476.0	3.65	6714	6714	L
M	619.370	570.2	4.37	8042	9357	M
N	238.804	354.0	2.72	4992	} 11139	N
O	650.913	862.5	6.62	12164		O
P		534.2	4.10	7534		P
Q		2.7	0.02	38		Q
R		486.2	3.73	6857		R


S		1529.2	11.73	21568		S
T		598.8	4.59	8445		T
U		248.7	1.91	3507		U
V		1061.3	8.14	14969		V
W		523.7	4.02	7386		W
X		11.2	0.09	158		X
Y		41.6	0.32	586		Y
Z		19.9	0.15	281		Z
	7251.725	13036.0	100.00	183857	27210	

Die suksesfaktor van die onderskeie hoofredakteurs van die WAT word vervolgens in terme van die Liniaal geëvalueer.


Vanaf 1926 is voorbereidende werk en grootskaalse materiaalversameling onder die hoofredakteurskap van J.J. Smith gedoen, maar geen deel van die WAT is voltooi nie. Hy is opgevolg deur P.C. Schoonees onder wie se leiding A-I, oftewel Dele I-IV, voltooi is. Vergelyk Figuur 2.

Figuur 2 reflekteer onderbewerking vir kategorieë A, B, D en G, maar relatief bevredigende bewerking vir C, E, F, H en I.

Figuur 2: Werklike en voorgestelde WAT-bladsye tydens die Schoonees-era



Figuur 3: Werklike en voorgestelde WAT-bladsye tydens die Snijman-era




Met F.J. Snijman as hoofredakteur, is Dele V–VI en die eerste gedeelte van VII, oftewel **J**, **K**–**KJOU**, **KLA**–**KOLYK** en **KOM**–**KOOLYSTER** voltooi. Vergelyk Figuur 3.

In terme van die Liniaal is die omvang van **J** byna ideaal (x 0.92), maar **K**–**KJOU** (x 2.13), en veral **KLA**–**KOLYK** (x 3.43) en **KOM**–**KOOLYSTER** (x 3.46), totaal buite beheer. Hoe verder Snijman met **K** gevorder het, hoe meer het die situasie vererger.

Hoofredakteur D.C. Hauptfleisch het in die middel van Deel VII oorge- neem en Deel VIII is ook onder sy leiding voltooi. Vergelyk Figuur 4.


Figuur 4: Werklike en voorgestelde WAT-bladsye tydens die Hauptfleisch-era



Uit Figuur 4 blyk duidelik dat Hauptfleisch gepoog het om die wanbalans reg te stel, maar in terme van die Liniaal steeds redelik ver uit was: **KOOP**–**KORVYNAEL** (x 3.02) en **KOS**–**KYWIEHOUER** (x 2.69).

Met Deel IX, oftewel **L**, breek die sogenaamde "nuwe era" vir die WAT aan, in navolging van "a drastic revision of the editorial process" (Botha 1994: 423), onder leiding van D.J. van Schalkwyk. Sedertdien is ook die Dele **X**, **M**, en **XI**, **N** en **O**, voltooi. Vergelyk Figuur 5.


Figuur 5: Werklike en voorgestelde WAT-bladsye tydens die Van Schalkwyk-era



In Figuur 5 is dit met die eerste oogopslag duidelik dat Van Schalkwyk in terme van die Liniaal onmiddellik die WAT op die regte spoor teruggeplaas het. Die grafiek suggereer wel 'n geringe oorbewerking van M en matige onderbewerking van N en O, maar in die geheel gesien, is die korrelasie met die Liniaal merkwaardig. In terme van die Liniaal word die Van Schalkwyk-era dus as die suksesvolste aangedui.

Tot dusver is die Liniaal hoofsaaklik gebruik om bestaande dele van die WAT te evalueer, maar dit kan ook met *voorspellingskrag* aangewend word vir tot nog toe onvoltooid alfabetiese kategorieë, of in die geval van die WAT ten opsigte van die onvoltooid kategorieë P-Z. Tabel 8 en Figuur 6 vat nie alleen die situasie vir A-O van die WAT saam nie, maar lê riglyne neer vir die onvoltooid kategorieë P-Z.

Figuur 6: Werklike en voorgestelde WAT-bladsye: voltooi en vooruitskouend




In terme van die Liniaal behoort S byvoorbeeld slegs 11.73% van die WAT uit te maak en nie "omtrent 'n kwart" (25%) soos berig in *Beeld* (Barnie 2001: 19) nie.

Kolom 5 gedeel deur kolom 3 in Tabel 8 dui aan dat elke bladsy in die woordeboek gemiddeld 14.10 lemmas moet bevat. Aangesien die WAT-uitleg vir L drie kolomme van 80 lyne per bladsy het, moet elke lemma in die woordeboek uit gemiddeld $240/14.10 = 17.02$ kolomlyne bestaan. Die kolomlyn as die "basic unit of length" in 'n woordeboek (Landau 2001: 375) is inderdaad 'n besonder kragtige gidsinstrument. Die volgende voorspelling kan byvoorbeeld as gids deur samestellers van die WAT vir die volgende alfabetiese kategorieë gebruik word: ongeveer 7534 lemmas moet vir die kategorie P geselekteer word, ongeveer 534.2 bladsye sal benodig word vir die bewerking daarvan, en ongeveer 17.02 kolomlyne sal in die proses per artikel gevul word.

Aangesien een willekeurige bladsy uit L 1419 woorde bevat, korrespondeer 17.02 kolomlyne met 'n gemiddeld van $1419 \times 17.02/240 = 100.6$ woorde. In beginsel kan dus gesê word dat ongeveer honderd woorde gebruik moet word vir die bewerking van elke lemma in die WAT. In hierdie opsig is dit interessant dat Combrink (1979: 50) opmerk: "daar is etlike dosyne sinne in *WAT deel VI* wat oor die honderd woorde stuk is. [...] En dan is daar ook enkele

Figuur 7: WAT versus Liniaal (aantal bladsye) [P en Q; X, Y en Z saamgevoeg]




Figuur 7: WAT versus Liniaal (aantal bladsye) [P en Q; X, Y en Z saamgevoeg]

definisiesinne van oor die 400 woorde"⁵. Hierdie opmerking dui inderdaad 'n ernstige oorbewerking in terme van *artikellengte* in **K** aan.


Tot dusver is twee dimensies van die Liniaal bespreek, naamlik die distribusie van *bladsye* en die distribusie van *lemmas*, in terme van sowel 'n meetinstrument as 'n voorspellingsinstrument. Die ware krag van die multidimensionele Liniaal kom na vore wanneer 'n derde dimensie bygevoeg word, naamlik *tyd*. In Figuur 7 word die werklike subverdeling van fisiese woordeboekspasie in Dele I–XI van die WAT skematies met die voorgestelde subverdeling van die Liniaal vergelyk.

Ten spyte van die groot diskrepancies in Figuur 7, kan met reg gesê word dat die samestellers van die WAT 'n stabiele leweringstempo gehandhaaf het, veral wanneer die *produksietempo* per voltooide aantal bladsye per jaar in ag geneem word. Sien Figuur 8.

Figuur 8: Kumulatiewe bladsy-produksie versus tydsduur




Figuur 9: Effektiewe produksie in % (in terme van die Liniaal) versus tydsduur



Die konstant-stygende lyn in Figuur 8, waar elke punt 'n bepaalde deel van die WAT verteenwoordig, toon duidelik aan dat daar deurgaans, volumegegewys, hard gewerk is. Uit Figuur 9 blyk egter duidelik dat wanneer die vordering in terme van die Liniaal as *effektiewe vordering* beoordeel word, 'n minder gunstige beeld na vore kom.

Die eerste gedeelte van die grafiek toon 'n stygende lyn en dui op effektiewe vordering met die samestelling van die WAT. Die kurwe plat egter af vanaf die middel-sestigerjare tot in die vroeë negentigerjare. Dit beteken dat, ten spyte van konstante produksie volumegegewys gesien, daar in hierdie tydperk effektief min vordering gemaak is met die voltooiing van die woordeboek as geheel. Hierdie afplating in die kurwe reflekteer natuurlik die oorbewerking van die kategorie **K** wat hierbo in detail uiteengesit is. Vanaf die middel-negentigerjare toon die grafiek weer 'n stygende lyn in terme van effektiewe vordering. Die nadelige invloed van die oorbewerking van **K**, of dan die relatiewe tydsverlies wat daardeur veroorsaak is, word in Figuur 10 gekwantifiseer.

Figuur 10: Effektiewe vordering en projeksies




Indien die WAT daarin sou kon slaag om die effektiewe vordering vol te hou wat met die kategorieë **A–J** (Dele I–IV) gemaak is, sou die WAT in terme van die Liniaal in 1992 voltooi gewees het. Dit word aangedui deur die geëkstrapoleerde stippellyn. Indien die huidige effektiewe vordering in die Van Schalkwyk-era volgehou word, is die verwagte voltooiingsdatum in terme van die Liniaal ongeveer 2020. Dit is dus duidelik dat die WAT vanaf **L** weer op 'n effektiewe vorderingsbaan teruggeplaas is soos die soliede ekstrapolasielyn in Figuur 10 suggereer. Let ook op die merkwaardige parallelle ligging en feitlik identiese helling van hierdie twee ekstrapolasielyne. Dit dui daarop dat die effektiewe vorderingskurwe vir Dele I tot IV ongeveer ooreenstem met dié van Dele IX tot XI. Uit die verskil tussen die voltooiingsdatums van die twee geëkstrapoleerde lyne, naamlik $2020 - 1992 = 28$, kan dus afgelei word dat die oorbewerking van **K** die voltooiing van die WAT met ongeveer 28 jaar vertraag het.

Indien hierdie ommekeer in die Van Schalkwyk-era, soos deur Botha (1994) beskryf as "an about-turn halfway through the completion of a multi

volume overall-descriptive dictionary", nie plaasgevind het nie, sou die voltooiing van die WAT waarskynlik nog etlike eeue kon duur. As die vorderingskurwe vir Deel VII sonder meer as basis geneem en geëkstrapoleer word, soos in Figuur 11 aangedui, sou die samestelling van die WAT nog byna vier eeue geduur het!

Die diagonale ekstrapolasielyn in Figuur 11 dui op 'n voltooiingsdatum aan die einde van die 24ste eeu. Die geboë pyl in Figuur 11 toon visueel aan hoe die WAT in die Van Schalkwyk-era weer op die regte pad geplaas is.

Figuur 11: Effektiewe vordering en projeksies: Van Schalkwyk-regstelling



Ten slotte word in Tabel 9 'n prakties-bruikbare implementering van die multi-dimensionele Liniaal vir Afrikaans voorgestel. Uit hierdie blokstelsel kan die bladsy-, lemma- en tydsdimensies afgelei word, vir sowel meting- as voorspellingsdoeleindes. Dit geld die samestelling van nuwe woordeboeke, die hersiening van bestaande woordeboeke, en selfs tot nog toe onvoltooide woordeboekprojekte soos die WAT.

Tabel 9: Prinsloo en De Schryver se Blokstelsel vir Afrikaans

#	%	Merker	#	%	Merker	#	%	Merker
1	0.6	AANK	14	7.8	BELY	27	15.1	DEEL
2	1.1	ABLU	15	8.4	BESI	28	15.6	DESI
3	1.7	AFGE	16	8.9	BETE	29	16.2	DIEF
4	2.2	AFSK	17	9.5	BIFO	30	16.8	DINS
5	2.8	AIDS	18	10.1	BLIN	31	17.3	DOEL
6	3.4	ALLE	19	10.6	BOER	32	17.9	DORI
7	3.9	ANDE	20	11.2	BOOT	33	18.4	DROE
8	4.5	APPE	21	11.7	BRAN	34	19.0	DULD
9	5.0	ASMA	22	12.3	BRUT	35	19.5	EENM
10	5.6	AULA	23	12.8	BYME	36	20.1	EIND
11	6.1	BAKS	24	13.4	CHIR	37	20.7	ELLE
12	6.7	BEAN	25	14.0	CORP	38	21.2	EPID
13	7.3	BEGR	26	14.5	DAGR	39	21.8	ETER

#	%	Merker	#	%	Merker	#	%	Merker
40	22.3	FASA	87	48.6	LUKR	134	74.8	SKOE
41	22.9	FISI	88	49.1	MAGD	135	75.4	SKRY
42	23.5	FRAN	89	49.7	MARA	136	76.0	SLEU
43	24.0	GANG	90	50.3	MEDA	137	76.5	SODA
44	24.6	GEBR	91	50.8	MENA	138	77.1	SOOR
45	25.1	GEFL	92	51.4	MIDD	139	77.6	SPIE
46	25.7	GEKR	93	51.9	MITA	140	78.2	SPYT
47	26.2	GEMM	94	52.5	MONI	141	78.7	STAT
48	26.8	GERE	95	53.1	MUGG	142	79.3	STIP
49	27.4	GESL	96	53.6	NADE	143	79.9	STRE
50	27.9	GEVA	97	54.2	NATU	144	80.4	STYS
51	28.5	GIGG	98	54.7	NEOL	145	81.0	SWAA
52	29.0	GOEI	99	55.3	NIKS	146	81.5	SYWA
53	29.6	GRAW	100	55.9	NOOR	147	82.1	TAPY
54	30.2	GROU	101	56.4	NYLO	148	82.7	TELE
55	30.7	HALF	102	57.0	OGGE	149	83.2	TERU
56	31.3	HARL	103	57.5	OMSI	150	83.8	TINT
57	31.8	HEKE	104	58.1	ONDE	151	84.3	TOEP
58	32.4	HETE	105	58.6	ONGE	152	84.9	TOUS
59	33.0	HOBBS	106	59.2	ONTB	153	85.5	TROM
60	33.5	HOOF	107	59.8	ONVE	154	86.0	TWAA
61	34.1	HOUT	108	60.3	OOPV	155	86.6	UILS
62	34.6	HUWE	109	60.9	OORT	156	87.1	UITH
63	35.2	IEMA	110	61.4	OPGE	157	87.7	ULTR
64	35.7	INFL	111	62.0	OPVR	158	88.2	VAAL
65	36.3	INHE	112	62.6	OUER	159	88.8	VASG
66	36.9	INTE	113	63.1	PAPA	160	89.4	VEND
67	37.4	ITEM	114	63.7	PEER	161	89.9	VERD
68	38.0	JELL	115	64.2	PEUT	162	90.5	VERK
69	38.5	JULI	116	64.8	PLAT	163	91.0	VERR
70	39.1	KAMP	117	65.3	POPP	164	91.6	VERS
71	39.7	KATE	118	65.9	PREW	165	92.2	VETT
72	40.2	KERN	119	66.5	PRYS	166	92.7	VLAG
73	40.8	KITS	120	67.0	RADA	167	93.3	VOKA
74	41.3	KLEU	121	67.6	REDE	168	93.8	VOOR
75	41.9	KNYP	122	68.1	REKE	169	94.4	VOOS
76	42.4	KOMM	123	68.7	RIDD	170	94.9	VROU
77	43.0	KOOP	124	69.3	ROBB	171	95.5	WAAI
78	43.6	KRAA	125	69.8	ROOI	172	96.1	WARM
79	44.1	KRUL	126	70.4	RUGB	173	96.6	WEEK
80	44.7	KWAT	127	70.9	SAAM	174	97.2	WELE
81	45.2	LAND	128	71.5	SAND	175	97.7	WETE
82	45.8	LEEG	129	72.0	SEEB	176	98.3	WISK
83	46.4	LERA	130	72.6	SELF	177	98.9	WOOR
84	46.9	LIEF	131	73.2	SHEB	178	99.4	WYSV
85	47.5	LIST	132	73.7	SIND	179	100.0	ZULU
86	48.0	LOOD	133	74.3	SKAK			

Hierdie 179 merkers (en dus "blokke") is gebaseer op die opbreking van die huidige PAFc in gelyke dele en is ook in lyn met die Liniaal⁶. Dit gee 'n baie meer verfynde en eksakte riglyn aan samestellers van Afrikaanse woordeboeke deurdat balans en vordering in korter alfabetiese intervalle en korter tydsintervalle gemeet kan word. Wat tydsintervalle betref, kan die samestellers van 'n woordeboek byvoorbeeld poog om een blok per kalendermaand te voltooi, wat beteken dat die teikentydperk vir die voltooiing van die woordeboek 15 jaar is. In terme van fisiese woordeboekspasie kan byvoorbeeld besluit word dat ongeveer 10 bladsye per blok as riglyn geneem word wat dan beteken dat die woordeboek ongeveer 1790 bladsye sal beslaan. Sodoende kan vordering in terme van:

- (a) tyd,
- (b) aantal bladsye,
- (c) aantal lemmas en gemiddelde lengte van artikels, en
- (d) die vermyding van oor- en/of onderbewing,

met behulp van die ingeboude Liniaal — dit wil sê die totale faktor van *effektiewe vordering* — deurgaans gemonitor en bestuur word.

Notas

1. Vergelyk Combrink (1979: 56) se verwysing in dié verband na WAT Deel VI.
2. Bereken volgens die sg. Pearson-formule. 'n Syfer 1.0 sou 'n perfekte korrelasie aandui.
3. Vergelyk Swanepoel (1989) vir 'n uitvoerige bespreking.
4. Botha (*e-pos mededeling* 9 April 2002) het die syfers vir die verklaarde lemmas vir Dele IX, X en XI verskaf soos aangedui op die WAT-webtuiste op die lokale Intranet. Hy aanvaar dat die tellings elektronies gedoen is.
5. Vergelyk egter ook Snijman (1995: 201-202) wat die akkuraatheid van hierdie tellings betwis.
6. Die enigste ander soortgelyke blokstelsel wat gepubliseer is, is dié deur Edward L. Thorn-dike wat in die vyftigerjare vir Amerikaanse Engels ontwerp is (Landau 2001: 360-362).

Bronnelys

- Barnie, L.** 2001. Vir wat vat die "WAT" so lank? Projek het in 1926 begin en sal nog sowat 25 jaar duur. *Beeld*, 21 Desember 2001: 19.
- Botha, W.F.** 1994. An About-Turn Halfway Through the Completion of a Multi Volume Overall-Descriptive Dictionary — Gallantry or Folly? Martin, W., W. Meijs, M. Moerland, E. ten Pas, P.G.J. van Sterkenburg en P. Vossen (Reds.). 1994. *Euralex 1994 Proceedings, Papers submitted to the Sixth EURALEX International Congress on Lexicography in Amsterdam, The Netherlands*: 419-425. Amsterdam: Vrije Universiteit.
- Combrink, J.G.H.** 1979. Die sesde deel van die W.A.T. *Standpunte* 32(2): 49-64.
- Crystal, D.** 1986. The Ideal Dictionary, Lexicographer and User. Ilson, R.F. (Red.). 1986. *Lexicogra-*

- phy: *An Emerging International Profession*: 72-81. Fulbright Papers, 1. Manchester: Manchester University Press.
- Du Plessis, M.** 1993. *Tweetalige Aanleerderswoordeboek / Bilingual Learner's Dictionary. Afrikaans-Engels / English-Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gouws, R.H.** 1985. Die sewende deel van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Standpunte* 38(1): 13-25.
- Grobbelaar, P. (Red.)**. 1987. *Reader's Digest Afrikaans-Engelse Woordeboek / English-Afrikaans Dictionary*. Kaapstad: The Reader's Digest Association.
- Herbst, T.** 1990. Dictionaries for Foreign Language Teaching: English. Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (Reds.). 1989-91. *Wörterbücher. Ein internationales Handbuch zur Lexikographie / Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography / Dictionnaires. Encyclopédie internationale de lexicographie*: 1379-1385. Handbücher zur Sprach- und Kommunikationswissenschaft, 5.1-3. Berlin/New York: Walter de Gruyter.
- Kritzinger, M.S.B., P.C. Schoonees, U.J. Cronjé en L.C. Eksteen.** 1986¹³. *Groot Woordeboek. Afrikaans-Engels, Engels-Afrikaans*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Landau, S.I.** 2001. *Dictionaries: The Art and Craft of Lexicography (2nd edition)*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Moerdijk, A.** 1998. Het WNT in cijfers. Heyvaert, F., A. Moerdijk, M. Mooijaart, M. Smits en R. Tempeelaars (Reds.). 1998. *Het grootste woordenboek ter wereld. Een kijkje achter de kolommen van het Woordenboek der Nederlandsche Taal (WNT)*: 319-338. Den Haag: Sdu Uitgevers.
- Odendal, F.F. en R.H. Gouws.** 2000⁴. *HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.
- Prinsloo, D.J. en Gilles-Maurice de Schryver.** 2002. Designing a Measurement Instrument for the Relative Length of Alphabetical Stretches in Dictionaries, with special reference to Afrikaans and English. Braasch, A. en C. Povlsen (Reds.). 2002. *Proceedings of the Tenth EURALEX International Congress, EURALEX 2002, Copenhagen, Denmark, 13-17 August 2002*: 483-494. Copenhagen: Center for Sprogteknologi, Københavns Universitet.
- Snijman, F.J.** 1995. Bespreking van *WAT VI* deur J. Combrink — 'n paar opmerkings. Du Plessis, J.C.M.D. (Red.). 1995. *Die leksikograaf as eksegeet. Opstelle en lesings deur F.J. Snijman*: 201-211. AFRILEX-reeks/series 5A: 1995. Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Svensén, B.** 1993 [1987]. *Practical Lexicography: Principles and Methods of Dictionary-Making*. (Translated from the Swedish by John Sykes and Kerstin Schofield). Oxford: Oxford University Press.
- Swanepoel, P.H.** 1989. Botsing tussen leksikografiese beginsel en leksikografiese praktyk; enkele gedagtes oor die terminologiebeleid van die *WAT*. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 7(1): 6-19.
- Terblanche, H.J.** 1966⁵. *Nuwe Praktiese Woordeboek. Engels-Afrikaans, Afrikaans-Engels / New Practical Dictionary. English-Afrikaans, Afrikaans-English*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel.
- WAT.** 1926-. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Stellenbosch: Buro van die WAT.